

Die voetspore van genade in onverdiende lyding

Dit is nou maar eenmaal nie aangenaam om te ly, sleg behandel te word of die slagoffer van diskriminasie te wees nie, veral nie as jy probeer goed doen nie! 'n Mens se eerste reaksie is om terug te baklei, in eie munt terug te betaal of te dreig. Ja, dit is nie maklik om onderdanig aan 'n harde, onregverdige baas, leier, onderwyser of geregstdienaar te wees nie. Luister egter na vers 19: "Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees." Hoe só? Kyk na die spore van ons "Herder en Bewaker" op sy lydenspad. Hy wat volkome onskuldig was, het ter wille van jou gely!

- Christus het nooit 'n leuen vertel om sodoende uit die moeilikheid te kom nie (vs 22).
- Hy het nie terug beledig toe Hy gespot en gelaster is nie (vs 23).
- Christus het ook nie met sy goddelike almag gedreig om te oordeel nie (vs 23).
- Inteendeel, Hy het alles oorgelaat aan sy Vader wat regverdig oordeel (vs 23).

Hierdeur het Hy my en jou vrygemaak van ons sondige geaardheid. Ons kán nou gehoorsaam aan God bly, en daar sal vir ons "wonde" (van lyding) volkome genesing kom! Dit is genade aan ons! Só sal sy genade ook aan die onregverdige sigbaar word! Daar is nie weerstand teen onvoorwaardelike genade (goeddoen) nie. Hoe lyk die voetspoor wat jy trap?

Sing: Psalm 63:2 (Totius-beryming)

Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)